UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## JEROME SLAMAT
### On heritage and diversity

Bobaas-boeretroos by SSVO Moerklub

Prof Aslam Fataar tackles new challenge

US-personeel sorg vir groot sports

Tygerberg-kampus se Ronel Bester

JAAR 22#9 NOVEMBER 2014 YEAR 22#9 NOVEMBER 2014
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My Kampus: Ronel Bester bou brûe ........ 3
Prof Peter Butler honoured with special edition ........ 4
SU to spend millions on safety ........ 5
Elana Meyer sluit aan by Maties Sport ........ 6
Studente met gestremdheede se regte bespreek ........ 7
Deconstructing heritage and diversity ........ 8
Debating diversity ........ 9
Moerklub maak tyd vir koffie ........ 10
Groot sports by US Sportdag ........ 11
Jong musikante bedank US vir steun ........ 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ........ 13
Op soek na 'n kuur vir kanker ........ 14
In conversation with Prof Aslam Fataar ........ 15
Brokkies in Beeld ........ 16



6


8


11


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

With South Africa having celebrated Heritage Day on 24 September and SU its Diversity Week in October, the words "diversity" and "heritage" had been heard quite a lot over the past month or so.

We all have an idea what these words mean, but when one starts deconstructing their meanings, you get to the essence of how one should embrace your heritage and promote diversity.

This month, our cover personality is Dr Jerome Slamat, SU's Senior Director for Community Interaction and an executive committee member of the Stellenbosch Heritage Project. We asked him what these two terms really mean in practice. Read more on page 8.

Also, we share some of the highlights of this year's Diversity Week, which was held from 29 September to 3 October. It was an event that showcased SU's diversity and gave staff and students the opportunity to show pride in their heritage.

Omdat ons as personeel so divers is, is ons juis nie mense wat elke dag na die kampus kom om bloot ons werk te doen nie – nee, ons vind ook maniere om mekaar in 'n ander opset te leer ken. Vra maar die personeel van die US se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO): Hul Moerklub is die plek waar hulle ontspan en 'n goeie koppie koffie drink. Maar die kompetisie is groot... Lees meer op bladsy 10.

Die US se jaarlikse Sportdag het ook weer bewys sulke geleenthede bring personeellede van uiteenlopende fakulteite en afdelings byeen. Kyk op bladsy 11 of daar nie dalk 'n foto van jou in aksie op die sportveld is nie.

Lees ook meer op bladsy 14 oor navorsing wat aan die US gedoen word om 'n kuur vir borskanker te vind. En ons gesels met prof Aslam Fataar oor sy nuwe rol in opvoedkunde.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Ons drome het waar geword. Wat 'n wonderlike voorreg dat ons kinders deel kon wees van Matieland. – *Sandra van Zyl*

So excited to join @StellenboschUni as Director of Sport (see page 6). I fell in love with Maties in 1985 as a first-year. – *Elana Meyer (@elanameyer)*

Congrats to former @Olympics athlete & track star @elanameyer who will join @StellenboschUni as Director of Sport – *@BlitzBokke*

So life goes back to normal. May the strangers you met @MatiesDiversity week become friends & keep the convo alive – *Maxine Bezuidenhout (@MsMaxBez)*



Beautiful day on campus – *@matiesstudents*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# 'n Strateeg wat brûe bou

*Ronel Bester is sedert 2012 die veelsydige strategiese verhoudingsbestuurder by die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerberg-kampus. Sy sê sy bewonder haar elke dag aan die inspirerende werk wat by dié fakulteit verrig word. Deur WILMA STASSEN*

**Ek is gebore en getoë …** in Johannesburg en my eerste kennismaking met Stellenbosch was toe ek as 'n verwarde eerstejaartjie by Harmonie-koshuis ingetrek het. Ek het BComm (Regte) geswot, maar mettertyd besef 'n regsloopbaan is nie vir my nie. Ek het 'n allegaartjie voorgraadse vakke gehad en nagraads was ek bevoorreg om deel van die BPhil-joernalistiekklas van 2001 te kon wees.



**In 2002 het ek by *Die Burger* begin werk ...** as 'n algemene verslaggewer en baie geleer uit my tyd in die joernalistiek – hoe om komplekse dinge in eenvoudige taal te verduidelik, om te soek na die hart van 'n storie, en natuurlik om respek vir spertye te hê. Nadat ek hooggeregshof-, ekonomiese en politieke verslaggewer was, het ek my MBA by Stellenbosch gedoen. Toe het ek 'n draai by die nasionale departement van toerisme gemaak voordat ek weer by die US beland het.

**As strategiese verhoudingsbestuurder moet ek …** met verskillende soorte mense werk en die fakulteit se bemarking- en-kommunikasieafdeling is deel van my portefeulje. Ons hanteer die fakulteit se institusionele kommunikasie aan personeel, studente, alumni en sleutelrolspelers deur publikasies, die media, die webblad, sosiale media en funksies. Ek help sorg dat die fakulteit se waardes onderskraag word in die manier waarop ons met mense kommunikeer en hoe ons verhoudings met hulle bou. My werk behels onder meer om met die dekaan en sy bestuurspan te skakel om te sorg dat ons die regte dinge doen om ons doelwitte te bereik, soos die bevordering van 'n werk- en leeromgewing waar mense ingelig en bemagtig is.



*Foto's: WILMA STASSEN*

**Ek voel ongelooflik bevoorreg …** om in so 'n positiewe omgewing te werk. So te sê elke dag ontmoet ek iemand wat wonderlike dinge verrig – of dit nou akademici is wat met toewyding studente oplei of navorsers is wat grondverskuiwende werk doen oor kritiese gesondheids-kwessies, of dalk 'n personeellid wat berge versit om studente te help met wie dit dalk swaar gaan. Dit is verstommend. As jy met mense op ons kampus gesels, klink een ding soos 'n refrein op: "Ek wil 'n verskil maak; ek wil mense help; ek wil dinge beter maak."

**Ek is mal oor ...** die soort inisiatiewe wat ons aanpak, soos ons fakulteit se Galakonsert, wat verlede jaar vir die eerste keer gehou is en vanjaar weer 'n groot sukses was. Ons nooi personeel en studente om hul talente ten toon te stel en bied 'n verskeidenheidskonsert aan waar ons ons diversiteit vier. Vanjaar het die program die US Mediese Orkes (die enigste van sy soort in die land), die nuwe Tygerberg Gospelkoor en die top sêrgroepe op kampus ingesluit. Ons het selfs 'n personeelsanggroep begin waarin ek ook sing. Vanjaar se konsert was seker een van die trotsste oomblikke in my loopbaan tot dusver.

**In my vrye tyd …** hou ek van kosmaak, lees, voetslaan en in die berg stap. Ek het vroeër vanjaar die Visrivier Canyon aangepak en dit was 'n ongelooflike belewenis. Die natuur is beslis vir my 'n "happy place", ook onder die water. Ek snorkel en skubaduik graag en hou van foto's bo en onder die water neem.

# Prof Butler honoured with special edition

A special edition of the *Stellenbosch Law Review* in honour of Prof David Butler was presented to him at a function at the Ou Hoofgebou on 16 October. The *Stellenbosch Law Review* is an accredited, peer-reviewed legal journal published by Juta, and edited by SU's Faculty of Law.

This special edition contained contributions by a few of Butler's many friends, colleagues and former students who were invited to contribute to it. The contributions focused on those areas of the law falling within Butler's expertise and affinity. These areas of law are arbitration, alternative dispute resolution, trusts and company law, including share blocks and time-sharing.

Judge Fritz Brand of the Supreme Court of Appeal and a former classmate of Butler was the keynote speaker at the event. He spoke about his high regard for Butler as an attorney and as an academic in later years.

Prof Andreas van Wyk, former Rector and Vice-Chancellor of SU, spoke about Butler as a person, his intellect, work ethic, leadership, sense of humour and the fact that he was an exceptional teacher and researcher. In the words of Van Wyk: "SU would be a poorer place without David."



*Judge Fritz Brand, Prof Sonia Human and Prof David Butler.* Photo: ANTON JORDAAN

A portrait of Butler was unveiled by Prof Sonia Human, Dean of the Faculty of Law, which will be displayed in the gallery of former professors of the Faculty in the upper hall at the Ou Hoofgebou. Furthermore, a caricature of Butler by the well-known artist Fred Mouton (and a copy of which appears in the special edition of the *Stellenbosch Law Review*) was presented to Butler by the former Dean of the Faculty of Law, Prof Gerhard Lubbe (another notable classmate of his).

Butler was humbled by the honour bestowed on him and expressed his sincere gratitude for the gesture in his typical witty style.

# US neem voortou met wetenskapkommunikasie



*Prof Peter Weingart*

Suid-Afrika se eerste leerstoel op die gebied van wetenskap-kommunikasie is aan die US toegeken. Dit is ook die eerste leerstoel van sy soort in Afrika, wat beteken dat die US nou uitstekend geposisioneer is om baanbrekerswerk op hierdie ontwikkelende akademiese terrein te doen.

Die nuwe leerstoel sal binne die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) gehuisves word.

Prof Peter Weingart, 'n wêreldleier op die gebied van die interaksie tussen die wetenskap en die samelewing, sal die nuwe leerstoel beklee. Hy is 'n buitengewone professor aan die Universiteit van Bielefeld in Duitsland, en ook reeds die afgelope 15 jaar 'n besoekende professor aan die US.

Wetenskapkommunikasie is oor die afgelope paar dekades gevestig as 'n belangrike nuwe navorsingsgebied en talle universiteite regoor die wêreld het akademiese en navorsingsprogramme van stapel gestuur.

Suid-Afrika se minister van wetenskap en tegnologie, Naledi Pandor, het die inisiatief gelei om deur middel van só 'n leerstoel dié gebied op plaaslike bodem te bevorder. Sy het by verskeie geleenthede die belangrikheid van wetenskapkommunikasie in 'n demokratiese bestel beklemtoon.

Talle Suid-Afrikaanse universiteite het meegeding om hierdie leerstoel te huisves, maar die Nasionale Navorsingstigting het besluit die leerstoel sal op Stellenbosch gevestig word. Die leerstoel, wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word, is vir 'n tydperk van 15 jaar toegeken.

"Gegewe die gebrek aan navorsingskapasiteit op hierdie gebied, is dit vir die US 'n besondere geleentheid om die leiding te neem met navorsing en die opleiding van nagraadse studente in wetenskapkommunikasie," het prof Leopoldt van Huyssteen, waarnemende US-rektor, gesê.

# Military Academy hosts finance conference

The Department of Accounting and Auditing of the Faculty of Military Science had the privilege to successfully host the 4th annual African Accounting and Finance Association (AAFA) Conference from 3 to 5 September at the Lord Charles Hotel. The AAFA is a high profile continental body with the aim to provide a platform for academics, practitioners and graduate students from different parts of the continent and the rest of the accounting and finance community worldwide to debate the role of accounting, finance, auditing, corporate governance and other related fields.

Delegates from several countries representing universities and other organisations attended the conference.

Seventy-one papers were accepted for presentation in parallel streams covering various areas.

The keynote speaker was Prof Katherine Schipper.



# University to spend millions on safety

An additional R2.2 million per year for safety initiatives and a once-off R4 million to upgrade pedestrian routes have been set aside by SU's management to establish additional safety measures for its Stellenbosch campus specifically.

These allocations are over and above the current safety budget. An open campus offers unique challenges, and the University has therefore spent more than R10 million on various pro-active security measures over recent years. This forms part of an on-going assessment and expansion initiative.

During the first semester of 2014 additional safety measures were activated after an increase in the number of street robbery incidents. On-going measures include visible security officers, technology, reaction capacity and awareness campaigns focusing on staff and students, as well as active partnerships with the SAPS, Stellenbosch Municipality and the broader security community in the town. Additional patrols were instated in May this year and have added another R2 million to the security budget.

"The financial injection approved by SU's management ensures the sustainability of the additional security measures implemented earlier this year," says Viljoen van der Walt, Director: Risk Management and Campus Security.

"By doubling the number of guards patrolling the primary routes and shortening the routes to include mainly Victoria and Bosman Streets, we have increased the guards' visibility on these routes," he adds.

"In future, electrical cars will patrol these two streets and these patrols will probably be expanded to the day shift as well. At night a security guard is on duty in the kiosk on the corner of Victoria and Bosman Streets."

Van der Walt encouraged students to use the above-mentioned routes and to preferably move around in groups. "This decreases personal exposure and contributes to a safer campus," he says.



*The new security light and cameras (right) installed recently on the Rooiplein.* Photo: STEFAN ELS

# US en die WNNR hernu ooreenkoms

Die US en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) het 'n Memorandum van Verstandhouding hernu ná 'n suksesvolle periode van samewerking tussen die twee instellings op 'n verskeidenheid areas in navorsing en ontwikkeling.

Die Universiteit en die WNNR het in 2008 reeds die memorandum onderteken, wat in 2010 vir die eerste keer hernu is.

Dr Rachel Chikwamba, WNNR Groepsbestuurder: Strategiese Alliansies en Kommunikasie, sê die verhouding wat in 2008 in terme van die memorandum tussen die twee instellings gevestig is, het beslis vrugte afgewerp en tot verskeie suksesvolle projekte oor die afgelope vyf jaar gelei.

"Oor die jare heen het wetenskaplikes (WNNR en US) saamgewerk in verskeie areas, soos wetenskaplikes moet. Die memorandum poog om hierdie samewerking te verhoog in spesifieke prioriteitsareas wat belyn is met nasionale prioriteite en wat kern is tot die strategieë van die twee instellings," sê Chikwamba.



*Dr Rachel Chikwamba, WNNR Groepsbestuurder: Strategiese Alliansies en Kommunikasie, en prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie.* Foto: STEFAN ELS

Volgens prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie aan die US, ondersoek die Universiteit moontlike areas van samewerking wat die US sal posisioneer as een van die top navorsingsuniversiteite in die wêreld.

"Die US en die WNNR het 'n sinergistiese verhouding. Die samewerking vergroot dus die kapasiteit van die Universiteit om hoogs gekwalifiseerde personeel te ontwikkel, veral op die doktorale vlak, terwyl hulle gerigte navorsing doen om van die grootste probleme op te los," sê Cloete.

'n Gesamentlike bestuurskomitee is in plek gestel om 'n strategiese plan vir die moontlike areas van samewerking te ontwikkel. Die komitee sal die vordering en sukses van die memorandum monitor en verdere aanbevelings maak.

# Madonsela to receive honorary doctorate



*Adv Thuli Madonsela*

South Africa's Public Protector, Adv Thuli Madonsela, will be among four recipients of honorary doctorates to be awarded by SU.

Besides Madonsela, the University will also confer honorary doctorates for a life-time's service to the civil engineering profession on Emeritus Professor Frederick Hugo, on Mr Michiel Scholtz du Pre le Roux for initiating a revolution in the banking sector, and on Prof Neil Geoffrey Turok, world-renowned physicist. The SU Council approved these honorary doctorates at its meeting on Monday 29 September.

Madonsela will be awarded the degree Doctor of Laws, (LLD), honoris causa; Turok the Degree Doctor of Science, (DSc), honoris causa; the Degree Doctor of Engineering, (DIng), honoris causa will go to Hugo, and the Degree Doctor of Commerce, (DComm), honoris causa to Le Roux.

# Elana Meyer sluit aan by Maties Sport



*Elana Meyer*

Die Suid-Afrikaanse langafstand-atleet Elana Meyer is by die US in 'n deeltydse pos as Direkteur: Maties Sport aangestel. Sy het op Maandag 13 Oktober begin.

Haar werk by Maties Sport sal 'n verskeidenheid funksies vervat, waaronder fondswerwing, verhoudingbestuur, handelsmerk-bestuur, geleentheidstrategie, kommunikasie, mediaverhoudings, bemarking en die bou van netwerke.

"Dié deeltydse aanstelling gee my die geleentheid om met ander projekte waarmee ek besig is aan te gaan. Dit is 'n meerjarige ooreenkoms as ondersteunende rol vir Matie Sport, Matie Gemeenskapinteraksie, asook die Atletiekklub," het Meyer gesê.

Sy het in Albertinia in die Suid-Kaap grootgeword en het reeds vroeg haar talent vir hardloop besef. Op 13-jarige ouderdom het sy ingeskryf en haar eerste amptelike wedloop, die Foot of Africa-halfmarathon, gewen.

Meyer se loopbaanhoogtepunt was toe sy aan die 1992 Olimpiese Spele in Barcelona, Spanje deelgeneem het – dit was die eerste keer dat Suid-Afrika weer toegelaat is tot die Olimpiese Spele sedert 1960. Meyer het 'n goue medalje in die 10 000m-wedloop gewen. In Januarie 2005 het sy uit atletiek uitgetree.

Ilhaam Groenewald, die US se Hoofdirekteur: Sport, sê Meyer deel 'n positiewe geskiedenis, nie net met Stellenbosch nie, maar ook met die res van Suid-Afrika wat uiteindelik tot die uitbou van haar internasionale profiel bygedra het.

"Elana se profiel is dié van 'n ambassadeur wat daartoe sal bydra dat ons meer ekstern kan uitreik," het Groenewald gesê.

# US vleiskundige nou top landboukundige

'n Man wat internasionaal gereken word as 'n wêreldleier ten opsigte van sy navorsing op wildsvleis, prof Louw Hoffman, is Landbouskrywers SA (Wes-Kaap) se Landboukundige van die Jaar in dié provinsie.

Hoffman is hoogleraar in vleiskunde by die Departement Veekundige Wetenskappe aan die US.

Hy was verlede jaar in die nuus (plaaslik en internasionaal) met die bekendmaking van sy en sy studente se studies rondom die verkeerde etikettering van vleis. Danksy dié navorsing is beleid en wetgewing ingestel om te verseker dat die etikette die regte inligting bevat, insluitend die land van oorsprong vir ingevoerde vleis.

Suid-Afrikaanse veeboere is regstreeks bevoordeel aangesien die invoer van goedkoper vleis nie meer so maklik is nie en ook nie meer as plaaslik geproduseerde vleis verkoop mag word nie.

Hoffman beklee tans die SARChI Leerstoel in Vleiskunde: Genomika tot Nutrinomika, wat saam met die Universiteit van Fort Hare bedryf word. In Junie verlede jaar was hy die eerste Suid-Afrikaner wat die gerekende Amerikaanse vereniging vir Vleiskunde (AMSA) toegespreek het danksy sy ontvangs van hul Internasionale Lektoraat-eerbewys.

Van sy doktorale studente het studies oor die waardetoevoeging van eksotiese vleis en die verskaffing daarvan gedoen. Tans is een van sy studente se studie die grondslag van die Wildsvleisskema wat oorweeg word vir toepassing.

Indien die skema toegepas word, sal talle boere wettig wildsvleis aan die formele mark mag verskaf.



*Prof Louw Hoffman*
*Foto: ENGELA DUVENAGE*

Van sy huidige navorsing wat baie waardevol vir boere sal wees, is die kwantifisering van die smaak van lamsvleis – wat byvoorbeeld sal bewys dat Karoolam wel anders smaak as lamsvleis van ander streke.

# Oud-dekaan van landbou oorlede

Prof Hennie Louw (85), oud-dekaan van die US se Fakulteit Landbouwetenskappe, is op Dinsdag 30 September in Somerset-Wes in sy slaap oorlede. Hy het onlangs 'n hartoperasie ondergaan.

Louw se verbintenis met die US het reeds in 1949 begin toe hy die eerste student was om vir die vak mikrobiologie in die Fakulteit Landbouwetenskappe in te skryf. In 1958 verwerf hy 'n PhD in mikrobiologie met onderskeiding van die Universiteit van Aberdeen, Skotland.

In 1961 is Louw aangestel as departementshoof van die nuutgestigte Departement Mikrobiologie. In sy termyn as dekaan vanaf 1973 tot en met sy aftrede in 1990, het Louw baie veranderinge in die fakulteit en op die proefplase bestuur. Hy word oorleef deur sy vrou, Rolene, en vier kinders, Annari Heunis, Wilhelm Louw, Frede Louw en Roelie Koegelenberg.







**PERSONEEL BELOON VIR 25 JAAR SE DIENS:** *Altesaam 32 US-personeellede het op 15 Oktober Langdienstoekennings ontvang vir 25 jaar diens aan die Universiteit. Die toekennings is tydens 'n geselligheid by STIAS oorhandig deur die waarnemende US-rektor, prof Leopoldt van Huyssteen. Op die foto links bo is (van links agter) prof Maarten Kamper (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Irene Mcivor (Siviele Ingenieurswese), Murray Jumat (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), prof Johann de Swardt (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Van Huyssteen, prof Johan du Preez (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Johan Lourens (Afdeling Menslike Hulpbronne), Leon Eygelaar (Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning); en voor Daleen du Preez (Voedselwetenskap), Charlotte Fourie (Afdeling Finansiële- en Bestuurstelsels), Nina du Plessis (Geneeskundige Mikrobiologie, Tygerberg-kampus), Bertha du Toit (Besigheidsbestuur, Tygerberg-kampus) en Hannalie Lourens (Biblioteek- en Inligtingsdiens).*

*Op die foto links onder is (van links agter) Samuel Page (Fasiliteitsdienste), Mervie Koopman (Mikrobiologie), Danie Roux (Matie Sport, Tyberbergkampus), Van Huyssteen, Samuel Pietersen (Veekundige Wetenskappe), Salmon Swarts (Hortologie), prof Erich Rohwer (Fisika), Denise Moolman (Biblioteek- en Inligtingsdiens), Hazel Moses (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), Martha Swartz (Biblioteek- en Inligtings-diens), Sally le Roux (Fakulteit Opvoed-kunde), Melinda Snyman (Fakulteit Opvoedkunde). Foto's: ANTON JORDAAN*

# Studente met gestremdhede se regte bespreek

Die US was begin Oktober die gasheer vir die tweedaagse simposium van die Higher Education Disability Services Association (HEDSA) wat by STIAS gehou is.

HEDSA is 'n nie-winsgewende voorspraak- en regte-gebaseerde organisasie wat die gesamentlike stem van dienslewering aan persone met gestremdhede in hoër- en verdere onderwysinstellings in Suid-Afrika verteenwoordig. Dit word erken en onderskryf deur die Departement van Hoëronderwys en Opleiding (DHOO) en word aanvaar as 'n gemeenskap van praktyk deur Hoëronderwys Suid-Afrika (HESA).

Marcia Lyner-Cleophas, die US se hoof van die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes (Gestremdhede), is tans die voorsitter van HEDSA.

Volgens haar studeer daar tans omtrent 5 087 studente met gestremhede aan hoëronderwysinstellings regoor Suid-Afrika. "Dié syfer is egter laag, aangesien studente nie altyd gestremdhede bekend maak nie en kategoriseringstelsels in die hoëronderwyssektor nie eenvormig is nie."

Die doel van vanjaar se simposium, aldus Lyner-Cleophas, was om "diegene wat direkte ondersteuning aan studente met gestremdhede verleen, met die vereiste vaardighede toe te rus om toegang, insluiting en voorspraak te bevorder".

Die Adjunkminister van Hoëronderwys en Opleiding, Mduduzi Manana, was op 2 Oktober die hoofspreker by die simposium. Hy meen hoewel daar vordering gemaak is, moet meer gedoen word om die speelveld vir studente met gestremdhede gelyk te maak.

Manana het gesê gelyke toegang tot onderwysgeleenthede is 'n fundamentele mensereg wat in ons Grondwet verskans is. "Ons kan nie 'n situasie bekostig waar onderwys 'n struikelblok is wat mense met gestremdhede verhinder om hul volle potensiaal te ontwikkel nie."

In haar toespraak oor van die uitdagings wat studente met gestremdhede in die gesig staar, het Lyner-Cleophas gesê befondsing is steeds 'n kwessie wat aangespreek moet word. "Hoewel baie vordering oor die afgelope 20 jaar gemaak is, het ons nog 'n ver pad op te loop."

# Deconstructing heritage and diversity

*Over the past month or so the words "heritage" and "diversity" was heard quite often. South Africa celebrated Heritage Day on 24 September and SU held its annual Diversity Week in October. But what exactly is it all about? ALEC BASSON posed the question to Dr Jerome Slamat, SU's Senior Director for Community Interaction and executive committee member of the Stellenbosch Heritage Project.*



*Dr Jerome Slamat* Photo: STEFAN ELS

Although heritage has something do with our past, Dr Jerome Slamat believes it is also concerned with the future. As the University's Senior Director for Community Interaction since 2008 and executive committee member of the Stellenbosch Heritage Project, he has indeed grappled several times with the concept of "heritage".

"One can only talk about it in this way if one understands the relationship between culture and heritage. We as human beings create culture and have tremendous agency and choice in this regard," says Slamat, who believes culture is constantly evolving.

He quotes one of his colleagues, Prof Matilda Burden, in saying that the culture we create only becomes heritage when it is transferred to the next generation, for them to make with it as they wish: to accept the cultural inheritance, to pass it on or to reject it. Heritage is therefore the culture that we choose to pass on.

What should such a culture look like? What kind of culture should we make to leave to future generations as heritage?

For Slamat, it would be a culture of solidarity and remembering. "We need a culture of solidarity because our country is deeply divided, not just along racial lines, but also between rich and poor. Unequal societies that lack social cohesion, like ours, are not sustainable.

"Apart from countering the current spirit of rampant individualism and self-interest, a culture of solidarity can create a crucial link between people that were socially divided due to our country's history," says Slamat, adding that we should see ourselves as belonging to one another, as individuals who stand in relation to each other as South Africans.

He believes we also need a culture of remembering because too many people want us to just forgive and forget the tragic past of our country and move on.

"No, we must remember, in order for us to never, ever again commit the divisive acts of the past. We must not develop amnesia about our tragic past, but remember it so that it does not happen again in our beautiful country. But we need also to see the 'member' that is hidden in remembering: we must 're-member', once again become members of each other, belonging to one people. Remembering, therefore, does not only imply looking back; it also requires us to look forward to what we can be."

Slamat says the culture of solidarity and remembering will not drop from the sky and that we will have to create it – deliberately, intentionally and purposefully. "We need to create opportunities for people who were historically separated to engage, encounter and learn from each other."

In this regard, he mentions the Heritage Day festivities of the Stellenbosch Heritage Project, as well as SU's Diversity Week, which was held from 29 September to 3 October.

Looking forward to Heritage Day celebrations in the future, Slamat says we should learn to recognise each other as fellow human beings, fellow residents and fellow citizens, together with everything that it implies.

"It is incumbent on every South African to create opportunities for a culture of solidarity and remembering to flourish and to become our testament to future generations."

## Slamat's career highlights

- Member of SU Museum Board and Director of Stellenbosch 360 (Tourism, Heritage and Local Development)
- Founding Chairperson and Board Member: South African Higher Education Community Engagement Forum
- Involved in rededication of Old Lückhoff School to Stellenbosch Community (2007-2009)
- Member of Steering Committee, Talloires Network (international network of 300 socially engaged universities), 2011–2013
- Chairman of the Local Organising Committee for Talloires Network Leaders' Conference 2014, Spier (2 to 4 December)



*With its theme "Glocal is Lekker!, this year's Diversity Week celebrations brought together students, staff members, comedians, musicians and many more. Here are some highlights of the 2014 Diversity Week.*

## Debating diversity

From accents and "blackfacing" to education and language were debated at this year's Diversity Week.

SU students participate in a blog writing competition on the Bonfiire website with the topic "1994 + 20: Closer together or further apart?"

Natalie Rose Louw won with a blog titled "Blackfacing threatens democracy", in which she wrote: "After 20 years of democracy, while we are no doubt closer together than we were at the birth of our democracy, much, much more must still be done before we can call ourselves united in our diversity." Under the heading "Twenty years later", second-prize winner Alexander Dyers wrote that "unity in diversity is a great idea – it's an even better slogan – but it is not yet one which we can truly claim exemplifies us".

567 CapeTalk breakfast show presenter, Kieno Kammies, hosted the Big Accent Debate with the theme "Pronunciation, Perceptions and Power". The debate had some audience members hot under the collar, judging by some of their comments: "People are always diplomatic at SU. We should stop beating about the bush"; "Why are we putting the white accent above the black or coloured accent?"; "People have specific ideas about what black people should sound like"; "Just because I sound 'white' doesn't mean I'm not black".

Eight deans participated in "Hang out with your Dean" in which students could talk openly to their deans. Science students asked Prof Louise Warnich questions ranging from a feeling that staff members are sometimes unapproachable to the desirability of including subjects from other faculties in the science programmes. Prof Sonia Human, Dean of the Law Faculty, and some law students discussed the faculty's language policy and the value of legal pedagogy.



*The dishes from Zimbabwe at the Glocal Food Evening were some of the most popular.* Photos: ANTON JORDAAN and HENNIE RUDMAN



*Chester Missing, with his ventriloquist sidekick Conrad Koch, provided some satirical comedy.*



*The iBead bracelets sparked creativity.*

## Diverse personalities

Vicky Sampson brought the house down with "Afrikan Dream" at the opening of Diversity Week. Anne Hirsch had the audience in stitches when she interviewed Pieter Kloppers, Director: Student Structures and Communities, and journalism student S'thembile Cele.

Deep Fried Man and Chester Missing took satire to a new level while commenting on South Africa and its array of people. And then there were musicians: the bands Dans Dans Lisa, Desmond and the Tutus and Crazy White Boy brought their unique sounds to Stellenbosch.

## All sorts of fun

The Glocal Food Evening, hosted by the Postgraduate and International Office (PGIO), was a huge success. One could try dishes from countries like Botswana, China and Ethiopia, to India, Kenya and the Netherlands. These included boerewors rolls (South Africa), Mopani worms (Zimbabwe), lemon pie and ratatouille (France), spätzle and red wine cake (Germany), as well as sorghum and tripe (Botswana).

At the Blind Laduma event blindfolded participants took part in a penalty shootout on the lawn next to the Rooiplein. Some creative jewellery were made with the iBead bracelets, while the SRC Selfie Booth, LLL Lost Sock Project, graffiti tables, and the Campus Quiz provided much fun for students and staff members alike.



# Tyd vir koffie

*Kollegas van die US se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling se liefde vir koffie het tot die stigting van die Moerklub gelei – 'n klub waar nie net oor koeitjies en kalfies gepraat word nie, maar waar ook kreatiewe idees hul oorsprong het. PIA NÄNNY het by die Moerklub gaan inloer.*

Wanneer die werknemers van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) soggens voor werk aan 'n koppie boeretroos teug, is dit meer as net informele koffiedrinkery: Dit is 'n byeenkoms van die Moerklub.

Dit is nie sommer 'n hierjy-klub nie. Hy is amptelik in 2005 gestig en het 'n president (afgetrede personeellid Tewis Britz), 'n logo en 'n leuse: "Jou doepa tot sukses". Die Moerklub het boonop die sertifikaat om te bewys dat hulle die woord "moer" in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se Borg 'n Woord-veldtog geborg het.

Die Moerklub is 'n inklusiewe klub (teedrinkers is ook welkom) en volgens prof Charl Cilliers, Direkteur van die SSVO, is dit 'n vrugbare spasie waar kollegas nie net sosiaal saam verkeer nie, maar waar hulle ook met van hul beste idees vorendag kom.

"Dit is baie lekker, want jy kom by mense uit en jy hoef nie 'n e-pos te stuur nie, en kreatiewe idees ontstaan daar."

En siende dat hulle nou koffie drink, het die Moerklub se lede besluit hulle kan net sowel ordentlike lekker koffie drink. Om te bepaal watter koffie die lekkerste is, het hulle oor die afgelope twee maande meer as 25 soorte koffie getoets (binne 'n sekere prysklas – ongeveer R65).

Die pakkie word op 'n skryfbord geplak, die koffiedrinkers gee dit 'n punt uit vyf en die gemiddeld word uitgewerk en neergeskryf. Vanjaar se wenkoffie – Antigua Italian Roast – het 'n punt van 4,4 gekry. In die tweede plek was die rooi Kenna-pakkie (Master Blend).

"Die gesprekvoering rondom die koffie en die grappies was net ongelooflik. Ons drink nou die wenkoffie. Ons sou meer getoets het, maar ons plek op die bord het opgeraak!"




BO: Die bord met die pakkies koffie wat vanjaar beoordeel is.
REGS BO: Die Moerklub-logo.

sê Cilliers. Antigua Italian Roast koffie word deur Checkers versprei, en toe Cilliers die verhaal van die Moerklub met die bestuurder van die plaaslike tak deel, het sy dit so geniet en gereël dat 'n geskenkpak vol Antigua-produkte aan die SSVO oorhandig word.

Daar word gereeld kreatiewe aktiwiteite vanuit die klub gereël. Die klublede het al 'n teeproesessie gereël (ter wille van die teedrinkers), en selfs 'n wynproe. Hulle kyk ook so nou en dan 'n "moerfliek" (Cilliers voorsien die springmielies).

"Die idee is om by mekaar uit te kom en die span te bou. Soos Shawn Achor in sy boek *The Happiness Advantage* skryf: Geluk lei tot sukses; sukses lei nie tot geluk nie."





LINKS BO: Die SSVO se Moerklub-lede. REGS BO: Die Moerklub borg die woord "moer" in die WAT.

Foto's: PIA NÄNNY



# Groot sports

*Die US het op 24 Oktober sy jaarlikse Sportdag vir personeel by Coetzenburg gehou waar die spanne kollegas in sokker, toutrek, raakrugby, netbal en hokkie meegeding het. Maar daar is ook lekker om die braaivleisvure gekuier. Hier is 'n paar foto's van die prettige dag.*



'n Stap van een myl het die Sportdag afgeskop. Personeel moes die roete van ongeveer 1,6km al om die grasbane van Coetzenburg loop. Foto's: WAYNE MULLER



*Terwyl die sportkodes aan die gang was, het die braaivleisvure geknetter. Van wors tot tjops is gebraai en personeellede kon die dag met 'n heerlike ete afsluit.*





*BO: Vir die hokkie is swembadnoedels* (pool noodle) *eerder as hokkiestokke ingespan – en die bal was darem groter.*

*LINKS: Die toutrek het groot belangstelling uitgelok en spanne moes swoeg en sweet om in die kompetisie te bly.*



*Die netbalspelers moes goed mik met dié dat die wind ook nog gewaai het.*



*Die raakrugbyspanne het behoorlik sake uitgespook op die veld.*

# Jong musikante bedank US vir ondersteuning



*Die OKOSI-groep van die Overberg het onlangs konsert gehou by die US.* Foto: PIA NÄNNY

'n Groep jong musikante van die Overberg het onlangs 'n konsert by die US aangebied om die Universiteit te bedank vir sy ondersteuning van hul toer na Duitsland vroeër vanjaar.

Die Overberg Koperblaas-ontwikkelingsinisiatief (OKOSI) onder leiding van Shaun Cloete het die gehoor op 10 Oktober bekoor met koperblaasinstrumente, marimbaspel en sang.

OKOSI is sedert 2009 'n gemeenskapsvennoot van die Sertifikaat-program in Musiekgeletterdheid, aangebied deur die US se Departement Musiek. Dit is gebaseer in Genadendal en word gelei deur Cloete, 'n ingeskrewe student van die Sertifikaatprogram.

Die Sertifikaatprogram het ten doel om persone met 'n liefde vir musiek maar wat geen formele musiekopleiding het nie, musiekteorie te leer en om 'n instrument te bemeester. Dit is 'n gemeenskapsprojek van die US Konservatorium en staan onder leiding van Felicia Lesch.

Cloete bied musiekonderrig aan leerders in die Overberg-omgewing en reis so ver as Tesselaarsdal, Greyton en Riviersonderend.

'n Groep leerders van OKOSI, insluitend 'n koperblaas-ensemble, marimba-spelers en kamerkoor, het in Mei 'n toer na Duitsland onderneem en in dorpe soos Essingen, Dettingen en Darmstadt opgetree. Die US het finansiële ondersteuning aan die groep verleen.

Dr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie by die US, het die musikante tydens die konsert verwelkom.

"Vir iemand wat met min grootword, is die gawe om musiek te kan lees en speel 'n groot geskenk. Ons wil ons dankbaarheid teenoor Shaun Cloete, 'n aktiewe vennoot in die Sertifikaatprogram, uitspreek vir die moeite wat hy doen om aan jong kinders hierdie gawe te gee.

"Om musiek te kan lees is beter as om 'n addisionele taal te kan praat. Jy kan op enige plek in die wêreld wees en saam met ander musiek maak, ongeag die taal wat jy of hulle praat," het Slamat bygevoeg.

Hy het die musikante alles van die beste toegewens, en gesê hy hoop om van hulle eendag as ingeskrewe musiekstudente aan die US te sien.

– PIA NÄNNY

*'n Nuwe uitstalling oor die geskiedenis en toekoms van die Universiteit is op pad na die US Kunsmuseum. Dié maand loer Kampusnuus in by die nuwe restaurant Meraki in Van Ryneveldstraat, en berig oor 'n nuwe boek deur 'n US-kollega.*

## Lunch-time

Meraki restaurant opened recently in the space where Nook and Café Crème use to be in Van Ryneveld Street, Stellenbosch.

The new bigger restaurant with its white décor seems to be a popular lunch-time eatery already. The menu does not have a wide variety, but it changes often.

The Caesar Salad seems to be a stalwart, with its generous helping of lettuce, chicken, crispy bacon and boiled egg. Their sandwiches sport interesting combinations of fillings and is served on different kinds of bread.

The atmosphere is relaxing, even over a busy lunch-hour. However, the service can be better – the waiters often seem a bit overwhelmed on a busy day.

For those with a sweet tooth, Meraki offers a variety of baked goods.



## Kyk



Die uitstalling *Universiteit Stellenbosch University: verlede hede toekoms / past present future* gaan in Februarie by die Universiteitsmuseum (Van Ryneveldstraat 52) open.

Dit is 'n bondige weergawe van die geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch vanaf die ontstaan van die Stellenbosch Gimnasium in 1866 en die Stellenbosch Kollege in 1879, wat in 1887 die Victoria Kollege geword het. Die universiteit het uit die Victoria Kollege ontwikkel en is op 2 April 1918 amptelik geopen. Die uitstalling dek die tydperk tot 2014.

Die uitstalling is nagevors, beplan en word ingerig deur prof Matilda Burden van die US Museum.

Volgens haar sal in die uitstalling baie aandag gegee word aan die geskiedenis van die geboue van die universiteit, met 'n reeks hoogtepunte uit elke dekade in terme van geboue en ontwikkeling van die universiteit van die tien dekades sedert 1918. Bo en behalwe die hoogtepunte is van die ander onderwerpe wat aangeraak sal word die huidige koshuise, studentekultuur, studentetaal, sportklubs en die huidige fakulteite en departemente. Daar is ook 'n virtuele toer van die kampus en 'n plan van die uitleg van die kampus.

Enkele interessante artefakte van akademiese departemente wat vroeër jare in onderrig gebruik is, sal uitgestal word, sowel as 'n paar voorwerpe van drie van die vier oudste koshuise, naamlik Harmonie, Dagbreek en Monica.

In 2008, met die herdenking van die Universiteit se 90ste bestaansjaar, het die Universiteitsmuseum ook 'n uitstalling oor al die kanseliers, visekanseliers en rektore geopen. Dié uitstalling het groot aftrek gekry, en daar was verskeie versoeke dat dit uitgebrei moet word.

Wyle prof Russel Botman, voormalige US-rektor, het in 2011 amptelik versoek dat die geskiedenis van die US meer volledig weergegee moet word. Dit was nie moontlik om dit onmiddellik uit te voer nie, maar sedert 2012 is daar aandag aan sy versoek gegee.

## Read

A new book focusing on research ethics has been released, with two Stellenbosch academics among the editors.

*Research Ethics in Africa: A Resource for Research Ethics Committees* is edited by Prof Mariana Kruger, Dr Lyn Horn (both SU academics) and Dr Paul Ndebele, Director of the Medical Research Council of Zimbabwe.

Kruger (pictured right with Vice-Rector Prof Eugene Cloete) is Executive Head and Paediatric Oncologist at the Department of Paediatrics and Child Health at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences. Horn is a senior lecturer in the Department of Philosophy at SU.

According to a press release the aim of this book is to provide research ethics committee members with a resource that focuses on research ethics issues in Africa.

The authors are currently active in various aspects of research ethics in Africa and the majority have been trained in the past by either the Fogarty International Centre or Europe and Developing Countries Clinical Trial Partnership (EDCTP) sponsored bioethics training programmes.

The book consists of four sections. The first gives an overview and background of research ethics in Africa, while the second section discusses the functions of the Research Ethics Committee.

The third section addresses topics like informed consent and participant remuneration, and the fourth section provides resources needed by ethics review committee members.

The book is published by SUN MeDIA Stellenbosch.



# Op soek na ’n kuur

*Borskanker is tans die mees gediagnoseerde vorm van kanker onder vroue en is ook verantwoordelik vir die meeste kankersterftes onder vroue. Maar in die nabye toekoms kan fynbos dalk dié siekte hokslaan. ALEC BASSON het met dr Koch Visser oor sy navorsing gesels.*

In sy onlangse doktorale studie aan die US het dr Koch Visser van die Departement Biochemie bevind die fynbosplant *Cyclopia*, wat gebruik word om Heuningbostee te maak, kan moontlik help om die ontwikkeling van borskanker te keer.

Visser het spesifiek gekyk na die effek van *Cyclopia*-ekstrakte op borskankerselle om die moontlike molekulêre meganisme agter hierdie effek beter te verstaan. Hy het weefselkultuurtegnieke gebruik om die effek van ekstrakte, wat van gedroogde plantmateriaal verkry is, te toets.

Met weefselkultuur word kommersieel beskikbare kankerselle, wat in ’n laboratorium gekweek is en onbepaald kan vermeerder, vir toetsing gebruik. Volgens Visser is weefselkultuur veral handig om molekulêre meganismes uit te pluis aangesien dit makliker gemanipuleer kan word.

Hy voeg by dat dit ook as ’n vorm van kontrole dien aangesien dieselfde selle deur navorsers by ander instansies gebruik word en resultate dus vergelykbaar is.

“Ons het gevind dat *Cyclopia*-ekstrakte die estrogeen-geïnduseerde groei van borskankerselle keer deur estrogeenreseptorsubtipes, wat die groei van sulke selle bevorder, te teiken en te inhibeer,” sê Visser.

Estrogeen, die vroulike hormoon, verrig sy fisiologiese funksie deur middel van hierdie reseptorsubtipes.

“Die feit dat *Cyclopia*-ekstrakte die reseptorsubtipes teiken, werp lig op die moontlike meganisme waardeur die ekstrakte die groei van borskankerselle reguleer,” sê Visser.

“Ek is veral opgewonde oor die bevinding dat *Cyclopia*-ekstrakte deur die spysverteringskanaal geabsorbeer word, en selfs teen hoë konsentrasies nie toksies is nie. Die ekstrakte stimuleer ook nie groei van die baarmoeder nie.”

*“Die moontlikheid bestaan dat hierdie navorsing ’n verskil mag maak vir vroue wat in die toekoms met borskanker gediagnoseer word.”*

Volgens Visser is hierdie bevinding belangrik aangesien verskeie studies al getoon het dat sekere middels teen borskanker die kans op kanker van die baarmoeder kan verhoog.

“Die moontlikheid bestaan dat hierdie navorsing ’n verskil mag maak vir vroue wat in die toekoms met borskanker gediagnoseer word, veral as in ag geneem word dat daar wêreldwyd ’n behoefte is om die ontwikkeling en progressie van hierdie siekte beter te verstaan en effektief te behandel.”

Visser sê *Cyclopia*, wat rylik beskikbaar is en kommersieel as Heuningbos verkoop word, bevat aktiewe verbindings of “plant-estrogene” wat die effek van ons eie hormone kan naboots of teenstaan.

Hy noem dat dit belangrik is om die aktiewe verbinding(s) te probeer identifiseer sodat die inname daarvan gereguleer kan word en verbruikers weet dat hulle wel die aktiewe bestanddeel in die regte dosis inneem.

“In dié stadium is dit nog te vroeg om met sekerheid te sê hoe die uiteindelike medisyne wat uit die *Cyclopia*-plant gemaak kan word, sal lyk en hoe gereeld dit gebruik sal moet word.”

Visser sê veral vroue van 50 jaar en ouer kan by navorsing oor *Cyclopia* baat omdat hulle ’n groter kans op borskanker het.

Hoewel die resultate van sy studie belowend lyk, sê Visser hierdie tipe navorsing is nog in die beginfase. “Ons is natuurlik hoopvol dat ons op die regte pad is en voel ons kan ’n daadwerklike bydrae maak tot die poel van kennis oor hoe borskanker ontwikkel.”



*Dr Koch Visser is tans ’n ná-doktorale genoot in die US se Departement Biochemie.*
*Foto: JUSTIN ALBERTRS*





# Education at the forefront

*As the newly elected president of the South African Education Research Association, Stellenbosch University’s Prof Aslam Fataar has quite a few challenges ahead of him. PIA NÄNNY spoke to him.*

Prof Aslam Fataar, professor in and former HOD of the Department of Educational Studies in the Faculty of Education, was recently elected as the president of the South African Education Research Association (SAERA) at this organisation’s annual conference.

“This is a prestigious appointment which comes with quite a demanding and onerous set of responsibilities, chief of which is to take responsibility for cohering and developing the field of education and providing research developmental opportunities for academics in education, especially junior academics in the Faculties of Education at universities,” he explains.

Fataar, a B-rated scholar, has a two-fold research interest in Education Policy as well as the Sociology of Education.

He has written a book entitled *Education in South Africa’s Democratic Transition, 1994-1997*, and is currently working on a project on teacher pedagogy and student learning in selected urban sites.

He believes it is important for academics to be involved in organisations beyond university structures and in the wider academic world to guarantee the “health” of his/her field.

“Academic associations are the professional forums for leveraging field-specific debates and building the field theoretically, conceptually and methodologically. The work of the academic association is therefore to define the field, promote network building and professional development activities and to help with the induction of newer academics into the field.”

SAREA’s launch conference took place in 2013 after conversations between scholars from ten education academic institutions about ways to bring greater cohesiveness and coherence to the education research field.

According to Fataar the education research field is uneven, debates fragmented, and the community of education scholars not coherently aligned to field-specific developments or the academic quality and relevance that speak to South Africa’s education problems.

“SAREA’s aim is to develop the educational field on the basis of epistemological diversity, broad inclusiveness, academic rigour and a commitment to the professional development of education academics.

“It is also an attempt to connect educational research to the national educational problematique, especially around questions of educational access and quality, the need to grow responsive and relevant research traditions, and the generation of applicable research – based on bodies of knowledge for practice.”

Fataar lists the main challenges of his term as being to expand the organisation’s membership; to establish the



*Prof Aslam Fataar* *Photo: STEFAN ELS*

*“Academic associations are the professional forums for leveraging field-specific debates and building the field theoretically, conceptually and methodologically.”*

organisation as fully inclusive of education academics and academic traditions in the country; to insert the organisation into existing international organisational networks; to bring clarity and definition to the field of education by emphasising quality scholarship, building networks and launching a number of special theoretical interest groups; to provide a number of developmental opportunities for newer scholars; to incentivise quality scholarship through a “best thesis” and “best article” competition for members; and to access the expertise of “older” academics to play developmental roles.



*Prof Sally-Ann Murray of the Department of English in the Faculty of Arts and Social Sciences delivered her inaugural lecture titled "From the Margins: an Essay in English" on Wednesday, 1 October. Pictured at the inaugural lecture are Profs Johan Hattingh, Dean of the Faculty of Arts and Social Sciences, Murray, and Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation).* Photo: JUSTIN ALBERTS



*Prof Christo van der Merwe van die Departement Antieke Studie in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het op Donderdag 16 Oktober sy intreerede, getiteld "'n Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: net 'n nuwe baadjie vir 'n stokkerige woord-vir-woordvertaling?", gelewer. Hier is Van der Merwe saam met Proff Johan Hattingh, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).* Foto: JUSTIN ALBERTS



*Profs Stephan Wagner (second from left) of the Department of Mathematical Sciences and Marina Rautenbach (second from right) of the Department of Biochemistry in the Faculty of Science both delivered their inaugural lectures on Tuesday, 14 October. The title of Wagner's address was "Advanced bean counting – the many facets of enumerative combinatorics", while Rautenbach talked about "My short history on research, peptides and not nearly everything". Pictured with them are Profs Louise Warnich, Dean of the Faculty of Science, and Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector (Learning and Teaching).* Photo: JUSTIN ALBERTS




## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### VERBLYF / ACCOMMODATION

Professor searches for a sabbatical furnished home to rent in Somerset West area (mid Feb 2015 to end June 2015). I am French and searching for a furnished home to rent for two adults (my wife and I) and our two children (boy 5 and girl 8) in Somerset West area from. I am a professor at La Reunion Island University and will come for a sabbatical to work at SU. During our stay our children will go to the Waldorf School in Stellenbosch. Contact Emmanuel at Emmanuel.bourdon@univ-reunion.fr.

### SAAMRY / LIFTS

I am looking for a fun and friendly lift club from Tableview/Parklands/Sunningdale to SU's Medical Campus, Tygerberg. My working hours are 08:00 to 16:00, Mon-Fri. I am keen to share a car or share costs. Contact Laura Steffens on lauras@unistelmedical.co.za.

Clearing your eggs from the tax basket

t +27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

**Why pay unnecessary estate duty and executor fees if you don't have to?**

Careful estate planning is vital if the value of your estate is R 3.5 million or more; with the escalating value of property and other assets, your estate could very easily reach this taxable level.

So why not contact **carinus strydom** and ensure that you don't have your investment eggs in the tax basket?

Financial structuring through the creation of a trust could reduce the value of your estate and provide welcome tax relief.

www.carinusstrydom.com

carinus strydom

AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516